

Ek hou vir eers by die tema waarmee ek verlede week die jaar begin het, finansiële beplanning vir jong mense.

Ek het toe daarop gewys dat om te spaar, om welvaart te skep, eerder as om net 'n paar rand bymekaar te maak vir 'n vakansie of iets, moet jy op lang termyn dink en op lang termyn belê. Dis oor tyd dat jou geld momentum kry en jy werklik die krag van saamgestelde rente sal sien.

Vandag kyk ons na 'n ander element van finansiële beplanning: Die risiko's. Nie beleggingsrisiko nie, maar wat ek noem die "wat as..."-vrae. Wat as dinge nie uitwerk soos jy beplan het nie?

Julle is twee jong mense wat bymekaargekom het en saam, soos die vraag in verlede week se rubriek, 'n neseier bymekaar wil begin maak. En dan dink mense aan spaar. Dit is ook reg, want dit is al hoe jy rykdom skep.

# Finansiële beplanning – kyk eers na risiko

Nico van  
Gijsen



**Raad met jou rande**

Maar daar is 'n verdere element wat nie uit die oog verloor moet word nie. Omdat julle bymekaar is, raak julle interafhanklik van mekaar. En nou praat ek nie net van stywe drukkie en die blink liggies van die toekoms nie. Ek

praat van finansiële interafhanklik. En daarmee kom verantwoordelikheid teenoor mekaar.

Julle is verantwoordelik en begin vroeg al geld wegsit. Maar 'n jaar of vyf later tref die noodlot en een sterf in 'n motorongeluk. Wat word van daardie neseier? Die boedel moet afgehandel word, skuld moet eers betaal word, voor die langlewende iets daaruit kan kry.

Wat as die langlewende nou skielik 'n enkelouer is? Wie gaan omsien? Die lewe gaan nie net aan soos voor julle mekaar ontmoet het nie. 'n Paar jaar se spaargeld gaan nie genoeg wees om

van te lewe nie. Jy kort 'n neseier van 'n ander aard. En dit is waar lewensversekering inkom.

Genoeg lewensversekering is belangrik, want dit dek die risiko van 'n inkomste wat wegval. Dit dek die risiko van geld wat gespaar sou word vir daardie neseier, wat nou nie meer gespaar gaan word nie.

Ek sien talle jong ma's wat sukkel om die pot aan die kook te hou ná 'n man se ontydige afsterwe. En dit omdat hulle nie die belangrikheid van genoeg lewensdekking besef het, of wou aanvaar nie. Moenie dat die ongemaklikheid om oor die dood te praat jou in so 'n situa-

sie laat beland nie. Mense gaan dood, of ons daarvan hou of nie. En dit is gewoonlik ontydig ook.

Hiermee saam is ongeskiktheidsdekking 'n vereiste. Ongeskiktheid kan selfs erger finansiële gevolge hê. Jou inkomstevermoë val weg, maar jou inkomstebehoefte - en jou verpligtinge - is steeds daar.

En dis veral jong mense wat 'n hoë risiko vir ongeskiktheid het.

Natuurlik is lewens- en ongeskiktheidsdekking nie net vir jong mense nie, maar dit is waar jy begin. As jy jonk is. Soos wat jou verpligtinge toeneem, so moet jou risikodekking toe-

neem. Maar dit is verkeerd om te wag tot dan.

Baie mense, baie met klein kinders, leef in finansiële ellende omdat daar gewag is met risikodekking. Die dood wag nie.

Begin as jy jonk is, want dan is dit goedkoop. En maak seker dat die versekeringsbedrag aangepas sal word soos wat jy ouer word. Jy kan siek raak en onversekerbaar wees. Met so 'n outomatiese aanpassing in jou poliskontrak ingesluit, verseker jy sommer ook jou versekerbaarheid.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**